

PULA INVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



SEPTEMBER
2017

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Verminder blootstelling aan mikotoksiene só

Lees binne:

- 05 | Volg 'n gebalanseerde dieet
- 06 | Waarom wisselbou belangrik is by koringproduksie
- 10 | Ons 2017 Boer van die Jaar finaliste is...



In die finale artikel van ons reeks oor mikotoksiene, sal ons metodes beskryf om mikotoksienproduksie in kommoditeite en menslike blootstelling aan mikotoksiene te verminder.

Soos voorheen genoem, is mikotoksiene baie stabiel en kan slegs gedeeltelik verwyder word. Gewasse wat vir kommersiële doeleindes verbou word, asook die produksie van voedsel en voer, het die voordeel dat dit geregleer word vir mikotoksiene deur gebruik te maak van spesifieke

veiligheidsvlakke vir mikotoksiene en die monitoring van produkgehalte. Die kommersiële gewasproduksie bedryf het ook toegang tot gevorderde en duur tegnologiese metodes.

Ter wille van hierdie artikel sal ons konsentreer op eenvoudige en bekostigbare metodes om mikotoksienblootstelling te verminder, soos 1) goeie landboupraktieke (voor- en na-oes metodes), 2) hand sortering en was, 3) uitwan van die graan, ontdop, afdop en maal, en 4) dieet verskeidenheid (die insluiting van 'n verskeidenheid kosse in die dieet).





OUMA JANE SÊ...

In hierdie uitgawe van die Pula Imvula is 'n artikel oor die eet van 'n gebalanseerde dieet. Dit is 'n baie belangrike aspek vir boerdery – ons produseer kos vir onself en die nasie, maar ons en ons vee eet ook! Dit is noodsaaklik dat die mense en die diere waarna ons omsien (beeste, skape, bokke, varke en pluimvee) 'n gebalanseerde dieet het. In 'n neutrop het ons stysel (koolhidrate), proteïene en vette nodig (sonder om in te veel besonderhede in te gaan).

Om vee aan te hou, is deel van die meeste boerderyondernemings. Afgesien van die voorsiening aan die mark, kan die aanhou van jou eie beeste, skape en hoenders 'n goeie bron van goeie kos (melk, vleis en eiers) voorsien en dit is baie belangrik in die dieet van veral kinders, terwyl hulle groei en ontwikkel. Kom ons probeer om te onthou dat boerdery begin het as 'n manier om jou gesin te voed en daarna is die surplus verkoop. Nou kyk ons daarna om alles te verkoop en kos te koop. Ons kan ook goeie en gebalanseerde kos vir onself en ons gesinne kweek.

As boere konsentreer ons gewoonlik op die produksie van graan en graankos en dit is goed, want dit maak die grootste deel van ons dieet uit. Die voer van mielies aan lewendehawe sal die vee in staat stel om vir jou te werk, aangesien hulle vleis en melk voorsien (beide goeie proteïenbronne). Ons benodig ook proteïene in ons dieet en daarom moet ons ook eetbare bone en sojabone kweek (vir eie gebruik en ook vir die mark).

Om groente vir eie gebruik te kweek, is iets wat ons jou graag wil aanmoedig om te doen. Ons moet almal vars groente en vrugte eet en oor die algemeen kan jy dit vir eie gebruik om jou huis kweek. Nie alleen sal jy geld spaar nie, maar jy sal ook toegang hê tot baie vars en seisoenale produkte. Die kommersiële kweek van groente is gewoonlik baie meer uitdagend, aangesien baie hiervan in verkoelde vragmotors vervoer moet word. Dit kan baie winsgewend wees, maar word gewoonlik onder besproeiing gedoen en ongelukkig het die meeste van ons boere nie toegang tot besproeiing nie.

Dit is reeds September en sommige van julle het dalk al die eerste reëns gekry – wat 'n seën dat ons kan weet dat die reën sal kom en jy 'n somergewas sal kan plant. Onthou asseblief dat jy jou bes moet doen om 'n goeie oes te verseker – jy kan nie die reën bepaal nie, maar die res is alles in jou hande. Doen jou bes en moedig almal rondom jou aan om ook hul bes te doen – saam kan ons onself en ons nasie voed.

Verminder blootstelling aan mikotoksiene só

1

Sorteer sigbaar goeie kwaliteit mielies van slegte/ beskadigde mielies



2

Plaas die gesorteerde gesonde pitte in 'n skoon emmer en gooi skoon water in die emmer totdat dit die mielies heeltemal bedek

3

Verwyder enige materiaal wat bo-op die water dryf



4

Was die mielies deur stadig te meng



5

Los die mielies vir ongeveer tien minute in die water



6

Gebruik die mielies om onmiddellik te kook



7

Die water wat gebruik word vir was en al die sigbare gemufte/beskadigde pitte of materiaal wat verwyder is, moet weggegooi word



Goeie landboupraktike

Goeie landboupraktik (GLP) is baie belangrik vir landbou, beide vir kommersiële en bestaansboere, om die laagste moontlike mikotoksienvlakke in voedselgewasse wat verbou word, te verseker en in stand te hou.

Voor- oes metodes

- Implementering van 'n wisselbou stelsel. Koring en mielies is veral vatbaar vir Fusarium swamme en hierdie twee gewasse moet nie in wisselwerking met mekaar gebruik word nie. Rotasiegewasse soos aartappel, groente en droëbone, moet eerder gebruik word.
- Voldoende voorbereiding van die saadbed vir elke nuwe gewas deur ou oesreste in te ploeg, of deur die verwydering daarvan wat ook deur die betrokke swamme geraak kan word. Geen-bewerking en ander geïntegreerde plaagbestuurspraktike mag in die belang van grondbewaring (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery) vereis word.
- Gebruik grondtoetse om te bepaal of daar 'n behoefte is om kunsmis en/of grondkondisioneerders toe te dien om voldoende grond pH en plantvoeding te verseker om plantstres te voorkom, veral tydens graanontwikkeling (van toepassing op kommersiële boerdery). Bestaansboere moet lewendehawe op hul lande laat wei om die afbreek van reste te verbeter, grondstruktuur te verbeter en help met plantvoeding (van toepassing op bestaansboerdery).
- Gebruik saad wat ontwikkel is vir weerstand teen infeksie deur swamme en insekplae en aanbeveel word vir 'n spesifieke area (meestal van toepassing op kommersiële boerdery).
- Gewasaanplanting moet optimaal beplan word om hoë temperature en droogtestres te voorkom gedurende die tydperk van bestuiwing en saadontwikkeling (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Verminder insekplae deur die aanbevole ry- en plantspasiëring (meestal van toepassing op kommersiële boerdery) te handhaaf.
- Verminder insekplae en swaminfeksie deur behoorlike gebruik van geregistreerde insekdoders, swamdoders en ander toepaslike praktike binne 'n geïntegreerde plaagbestuursprogram (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Beheer onkruid in die gewas meganies, of met die gebruik van geregistreerde onkruidodders,



Foto 1: As jou mieliepitte so lyk, is hulle gesond en goed om te eet.

of ander veilige en geskikte onkruidverwyderings/uitroeispraktike (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).

- Minimaliseer meganiese skade aan plante en vrugte tydens verbouing/boerdery (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Verseker dat besproeiing eweredig toegedien word en dat alle plante op die land voldoende water het. Oormaat vog tydens blom maak toestande gunstig vir infeksie deur Fusarium swamme; dus moet besproeiing tydens blom- en gewas volwassenheid vermy word (meestal van toepassing op kommersiële boerdery).

Na-oes metodes

- Oes graan teen lae voginhoud en volle volwassenheid, tensy onder uiterste hitte-, reënval- of droogtetoestande (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Verseker dat personeel op die plaas voldoende opgelei word en dat alle boerdery funksioneer, om skade aan plante en die gewas wat geoes word, te verminder (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Houers en voertuie wat gebruik word om die gewas wat geoes is op die land te gaan haal en na droog- en/of bergingsfasiliteite te vervoer, moet skoon, droog en vry van insekte, grond en sigbare swamgroeie wees (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Bepaal vogvlakke van die gewas onmiddellik na oes. Waar moontlik, droog die gewas tot by die aanbevole voginhoud vir berging. Graan moet op so 'n wyse gedroog word dat skade aan die graan geminimaliseer word en die vogvlakke laer is as wat benodig word om

swamgroeie tydens stoor te bevorder (gewoonlik minder as 14%). Sondroging van sommige gewasse tydens hoë humiditeit kan lei tot swaminfeksie. Verminder die opstapel of maak van hope met nat, vars geoeste gewasse (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).

- Vars gestroopte graan en neute moet skoongemaak of gesorteer word waar moontlik, om beskadigde pitte/neute en ander vreemde materiaal (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery) te verwyder.
- Bergingsfasiliteite moet droë, goed geventileerde strukture wees wat beskerming bied teen reën, oppervlak- of grondwater, beskerming teen plaë en voëls en beskerming teen ekstreme temperatuurkomelings (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Maak seker dat bergingsakke skoon en droog is. Gevulde sakke moet gestapel word op pallette of 'n stelsel met 'n waterbestande laag tussen die sakke en die vloer (van toepassing op kommersiële en bestaansboerdery).
- Die toepaslike mikotoksienvlakke by geoeste gewasse moet gemonitor word indien nodig, met behulp van gepaste monsternemings- en toetsmetodes (van toepassing op kommersiële boerdery).

Handsortering en was van korrels

Handsortering of skeiding van gewasse voor berging of kook, is algemeen in baie Afrika lande soos Wes-Afrika (Benin), Nigerië, Tanzanië en Suider-Afrika. Tradisionele voedselverwerkingsmetodes soos handsortering, vorm 'n eenvoudige en goedkoop na-oes voorkomingsmetode om kontaminasie en blootstelling aan mikotoksien te verminder.

Goeie landboupraktik (GLP) is baie belangrik vir landbou, beide vir kommersiële en bestaansboere, om die laagste moontlike mikotoksienvlakke in voedselgewasse wat verbou word, te verseker en in stand te hou.

Verminder blootstelling aan mikotoksiene só



Foto 2: As jou pitte lyk soos enige van hierdie, is hulle nie goed om te eet nie. Hierdie pitte moet verwyder en weggegooi word, aangesien dit skadelik is vir mense en dieregesondheid.

Verskeie studies in Afrika onder mielie bestaansboerdery gemeenskappe het aangedui dat die skeiding van sigbaar beskadigde (insluitend gebreekte), verkleurde en natuurlik gemufte mieliepitte, van sigbaar goeie eetbare pitte, aflatoksiën- en fumonisien mikotoksiën-vlakke verminder.

'n Eenvoudige metode van handsortering en was het getoon dat dit die fumonisien mikotoksiënvakke by tuisgeproduseerde mielies met 84% kan verminder. 'n Onlangse laboratoriumgebaseerde studie met behulp van die handsorteringmetode en 'n addisionele digtheid skeidingstap, gevolg deur die was van die gesorteerde goeie mielies, het 'n verlaging in fumonisien vlakke van 98% getoon by goeie mielies.

'n Opvoedkundige boekie is ontwikkel om mielie bestaansboere te leer hoe om die mieliepitte in sigbaar goeie mielies (Foto 1 - 2) te sorteer. Daarna volg 'n stap waarmee skoon drinkwater by die mielies gevoeg word, genoeg om al die mieliepitte (ongeveer twee vingers bokant die mieliepitlaag) te bedek. Enige materiaal wat bo-op die water dryf, word dan verwyder en uiteindelik word die mieliepitte stadig gemeng met die water en laat staan vir ongeveer 10 minute.

Die mielies is nou gereed om te kook; onthou om die pitte en enige ander materiaal wat uit die goeie mielies verwyder is tydens die sorteer- en wasstap, weg te gooi. Die water en die pitte, of materiaal wat verwyder word, bevat die meeste mikotoksiene en is skadelik vir menslike en dierlike gesondheid.

Hoe lyk goeie mieliepitte?

Sigbaar goeie kwaliteit mieliepitte wat gesond is vir eet, moet blink of helder wees, geen vlekke of merke hê nie en moet ook heel wees. (Foto 1).

Hoe lyk ongesonde mieliepitte (wat verwyder moet word)?

Sigbaar goeie kwaliteit mieliepitte wat gesond is vir eet, moet blink of helder wees, geen vlekke of merke hê nie en moet ook heel wees. (Foto 2).

Hoe om te sorteer en te was in sewe stappe

Stap 1: Sorteer sigbaar goeie kwaliteit mielies van slegte/beskadigde mielies.

Stap 2: Plaas die gesorteerde goeie pitte in 'n skoon emmer en gooi skoon water in die emmer totdat dit die mielies heeltemal bedek.

Stap 3: Verwyder enige materiaal wat bo-op die water dryf.

Stap 4: Was die mielies deur stadig te meng.

Stap 5: Los die mielies vir ongeveer tien minute in die water.

Stap 6: Gebruik die mielies om onmiddellik te kook.

Stap 7: Die water wat gebruik word vir was en al die sigbare gemufte/beskadigde pitte of materiaal wat verwyder is, moet weggegooi word.

Dieet- en gewasverskeidenheid om variasie in die dieet te verseker

Dieetverskeidenheid gaan oor die beskikbaarheid, toegang en gebruik van voedsel wat voedsaam is (hou die liggaam gesond en help met groei en

ontwikkeling) dwarsdeur die hele jaar. Dit kan gedoen word deur die tipe gewasse wat geplant word, te wissel, insluitend verskillende soorte gesonde kosse in die dieet en die voorbereiding en verwerking van voedsel in die kombuis.

Die volgende is 'n opsomming van sommige voedselgebaseerde aktiwiteite wat dieetdiversiteit kan bevorder:

- Bevorder die meng van gewasse en/of geïntegreerde boerdery met verskillende gewasse.
- Bekendstelling van nuwe gewasse (soos sojabone).
- Bevordering van huistuine.
- Klein lewendehawe soos hoenders.
- Bevordering van verbeterde berging van vrugte en groente om afvalverlies en na-oes verliese te verminder.
- Voedingsopvoeding om 'n gesonde en voedsame dieet dwarsdeur die jaar aan te moedig.

Gevolgtrekking

Ten slotte sluit ons af met die Suid-Afrikaanse voedselgebaseerde dieetriglyne om 'n gesonde dieet te verseker.

1. Geniet 'n verskeidenheid kosse.
2. Wees aktief!
3. Maak styselvoedsel deel van die meeste maaltye.
4. Eet baie groente en vrugte elke dag.
5. Eet gereeld droëbone, splittertjies, lensies en soja.
6. Eet elke dag melk, maas of joghurt.
7. Vis, hoender, maer vleis of eiers kan daagliks geëet word.
8. Drink baie skoon, veilige water.
9. Gebruik vette spaarsamig. Kies plantaardige olies, eerder as harde vette.
10. Gebruik suiker en kosse/koeldrank met baie suiker spaarsamig.
11. Gebruik sout en kos wat hoog in sout is, spaarsamig.

Verwysings

- JF Alberts, M Lilly, JP Rheeder, H-M Burger, GS Shephard en WCA Gelderblom. 2016. *Tegnologiese en gemeenskapsgebaseerde metodes om mikotoksiënblootstelling te verminder*. Voedselbeheer.
- Die Voedingsinligtingsentrum van die Universiteit van Stellenbosch (NICUS), <http://www.sun.ac.za/english/faculty/healthsciences/nicus/how-to-eat-correctly/guidelines/food-based-dietary-guidelines>.

Artikel verskaf deur HM Burger en P Rheeder, Mikotosiologiese xikologie en Chemie-voorkomingsnavorsingsgroep, Instituut vir Biomediese en Mikrobiële Biotegnologie (IBMB), Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (CPUT). Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Burgerh@cput.ac.za of RheederJP@cput.ac.za.



Volg 'n GEBALANSEERDE DIEET

Enige moeder of versorger ken die stryd om gesonde kos vir hul gesin te voorsien. Selfs wanneer jy na diere kyk, sal jy die nuwe ma sien wat haar kleintjies voed om die basis van goeie gesondheid te voorsien en dan na die nuutste grasse en voer beweeg om die kleintjie die beste moontlike begin te gee.

Indien jy in die platteland woon, waar winkels min en ver uitmekaar is, kan hierdie stryd 'n kwessie van lewe en dood word, aangesien onlangse studies bevind het dat landelike gemeenskappe hoë wanvoeding en hongersnood het. Alles is egter nie verlore nie, soos die volgende artikels hoop om te bewys. Ten minste is die basiese inligting oor goeie voeding steeds dieselfde, maar die toepassing van hierdie feite het dalk effens verander. As jy nie die finansiële middele het om meer te produseer, of te koop as die stapelvoedsel soos meliemiemeel en suiker nie, kan jy jou gesondheid verhoog en volhou deur groente en vrugte te verbou om by jou dieet te voeg.

Die menslike liggaam is ontwerp om baie swaarkry te verduur deur aan te pas by omstandighede soos voedseltekorte of beperkte diëte wat slegs uit basiese stapelvoedsel bestaan, maar dit plaas druk op die liggaam en manifesteer in swak weerstand teen virusse en ander siektes.

Soos enige goed ontwerpte masjien, het jou liggaam vereistes vir spesifieke brandstowwe, dus sal jou liggaam op sy beste funksioneer met 'n gevarieerde dieet wat al die voedselgroepe bevat. Jy sal nie ver kom deur diesel in jou petrolbakkie te gooi nie! Soos jy weet, word die boere wat die kosse produseer wat op die rakke van die kettingwinkel eindig, ongelukkig baie min betaal en kan dit in baie gevalle self nie bekostig om van dieselfde winkels te koop nie. Dit is waar boere en moeders moet opstaan en kos begin produseer vir hul eie tafel. Die produksie van jou eie kos en deel en handel met jou bure kan die gevarieerde en gesonde kos verskaf wat die gesin benodig.

Basiese voedselgroepe

Soos ek hierbo genoem het, kan alle kosse in die basiese voedselgroepe verdeel word. Hulle is;

Graan en graankos

Brood, mieliepap, rys, pasta, hawer, Maltabela – hierdie kosse is ryk aan koolhidrate wat

maklik omskep word in energie vir die liggaam om te gebruik. Hierdie groep is ook die beste bron van B-vitamiene, vitamien E, minerale en spoorelemente soos sink, koper, selenium, magnesium en kalium. Hierdie kosse behoort die basis van die meeste maaltye te vorm, byvoorbeeld 'n bak mieliepap met 'n bolaag van groente en vleisbredie.

Vrugte en groente

Piesangs, appels, mango, waatlemoen, lemoene of spinasie, patats, broccoli, wortels, uie, ensovoorts. Vrugte is uitstekende bronne van vitamien A en C, sowel as kalium. Hulle word beskou as laag in vet en natrium. Hulle bevat suiker, maar word steeds as 'n gesonder opsie beskou as die verwerkte suikers wat in lekkergoed voorkom.

Groente voorsien hoë hoeveelhede vitamien E en folaat, asook belangrike minerale soos yster en magnesium. Verskillende soorte groente verskaf verskillende voedingstowwe. 'n Maklike manier om jou te help bepaal wat jy by jou etes wil voeg, is om die “**reënboogdieet**” te volg. Probeer om al die verskillende kleure in jou maaltye beskikbaar te stel. Eet donkergroen blaargroentes (bron van yster) soos snybeet, beetblare, broccoli of spinasie. Geel groente soos wortels, patats en batterskorsies. Styselgroente soos aartappels, mielies en ertjies, asook peulgewasse soos keker-ertjies, nier- en pintobone. Ander groente sluit in tamaties, blaarslaai, uie en groenbone wat ook rou geëet kan word.

Melk en suiwel

Melkprodukte soos kaas, karringmelk en amasi bied proteïene, vitamien E en minerale, waarvan die belangrikste kalsium is. Kalsium help om sterk bene en tande te bou. Suiwel is ook 'n goeie bron van vette.

Vleis, vis en eiers

Pluimvee, rooivleis, eiers en vis verskaf proteïene, B-vitamiene, yster en sink. Droëbone en neutre bied ook soortgelyke hoeveelhede van hierdie voedingstowwe, sodat 'n konstante voorsiening van vleis nie altyd nodig is nie.

Vette en olies

Internasionaal is daar tans 'n groot debat oor die voordele van vet in die moderne dieet. Uit persoonlike ervaring val ek in die “goeie vet” groep en glo

“

Die produksie van jou eie kos en deel en handel met jou bure kan die gevarieerde en gesonde kos verskaf wat die gesin benodig.

dat vetterige snitte vleis, regte botter en sekere olies soos aangetref in avokado's, breinfunksie en algemene gesondheid bevoordeel. Ek is nie 'n dokter nie, dus kan ek net aanbeveel wat ek ervaar het en moedig ek moeders en versorgers aan om hul eie wysheid hierin te vertrou en te volg.

Suiker en spesifiek toegevoegde suiker, benodig 'n spesiale vermelding. Suiker het nie voedingstowwe nie, maar is hoog in kalorieë. As te veel ekstra suiker ingeneem word, word die organe wat die suiker in die liggaam moet omskakel in energie vir die persoon om te gebruik, so oorwerk dat dit die oortollige suiker as vet stoor om op 'n later stadium te gebruik. Dit is nie 'n slegte idee nie, maar aangesien die mens elke dag nog ekstra suiker verbruik, word die gestoorde energie (vet) nooit gebruik nie en word dit net opgehoop, wat lei tot vetsug en moontlik tipe 2-diabetes.

Gebruik suiker spaarsaam en lekkers en koeldrank slegs as spesiale lekkernye. Om vrugte by die dieet by te voeg, sal steeds die soetland bevredig, maar ten minste is daar voordelige nutriënte en vesel ingesluit in die lekkernye.

In toekomstige artikels sal ons kyk na 'n paar praktiese idees en tuinbouwenke om hierdie voedselgroepe in jou dieet in te sluit.

Bronne

- *Wikipedia.*
- *Voedselgids Piramiede pamflet; gepubliseer deur die Verenigde State se Departement van Landbou (USDA).*
- *HG-232 <http://www.usda.gov/fcs/cnpp.htm>.*
- *Kry 'n gebalanseerde dieet; <http://hdl.handle.net/10568/57172>.*
- *Die gebalanseerde dieet; <http://www.health24.com/Diet-and-nutrition/Nutrition-basics/The-balanced-diet-20120721>.*

Artikel verskaf deur Theresa Wilmot, Vryskutskrywer, Wes-Kaap. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Slabroller@gmail.com

Waarom WISSELBOU belangrik is by koringproduksie

Gewasrotasie is een van die hoofpilare waarop bewaringslandbou (BL) berus. Die ander twee is minimale grondversteuring en maksimum grondbedekking. Die vraag is nou: Waarom is wisselbou belangrik?

Om dit te verduidelik, sal ons begin met wat ons impliseer met wisselbou. Dit is die beoefening van alternatiewe verskillende gewasse op dieselfde land van jaar tot jaar. Die doel is om soveel gewassoorte as moontlik te wissel. Deur graangewasse soos koring, te wissel met breëblaargewasse soos kanola, lupiene of 'n weidingsgewas soos medics, het ons die geleentheid om diversiteit op 'n land te skep.

As mens na die natuur kyk, vind 'n monokultuur slegs in baie uitsonderlike situasies plaas. Diversiteit is koning en het bekende voordele. Een van die belangrikste is dat diversiteit bo die grond die biodiversiteit in die grond beïnvloed. Oor die afgelope vyf jaar het die kennis oor die effek van die biodiversiteit in die grond eksponentieel gegroei en ons weet nou dat hierdie diversiteit 'n enorme rol by produksie speel.

Deur diversiteit in jou bewerkingsstelsel in te bring, het jy die geleentheid om siektesiklusse te breek wat vernietigend kan word indien dieselfde gewas jaar na jaar geproduseer word. Deur peulgewasse soos lupiene, wieke, ertjies en peulgewasse in te sluit, het jy




Foto 1: Wissel jou koring af met breëblaar gewasse.

die vermoë om stikstof uit die lug te bind. Die stikstof wat deur die peulplante gebind word, sal in die volgende jaar afgebreek word en boere kan dus die hoeveelheid stikstofkuns-mis wat vir die volgende gewas benodig word verlaag, waardeur geld bespaar word.

Om die voordele van wisselbou in meer praktiese terme te verduidelik, sal ons kyk na die effek van wisselbou op koringopbrengste uit die langtermyn wisselbouproef by Langgewens Navorsing plaas in die Swartland (Wes-Kaap). **Grafiek 1** toon die gemiddelde opbrengs by koring na verskillende gewasse in die proewe.

Grafiek 1: Gemiddelde koringopbrengs na verskillende gewasse in 'n wisselboustelsel in die Swartland. (w = koring, c = kanola, l = lupiene en m = medics)



In grafiek 1 word monokultuurproduksie aange-
dui deur die www volgorde. Die gemiddelde
opbrengs in die monokultuurstelsel, wat dien as
beheer in hierdie stelsel, is 2 566 kg/ha. Die data
wat gebruik word om die grafiek te genereer, is
oor 'n tydperk van 20 jaar verkry. Wanneer ons die
monokultuurpraktijk breek deur 'n kanola gewas
(1 in 4 jaar) in te sluit, het die gemiddelde opbrengs



Foto 2: Lupiene aangeplant na koring.

van die koring na die kanola (cw volgorde) met
600 kg/ha tot 3 166 kg/ha toegeneem. As jy weer vir
twee jaar koring plant, val die gemiddelde opbrengs
met 216 kg/ha in die tweede jaar koring (cww) en
nog 292 kg/ha in die derde jaar (cwww) koring.
Twee moontlike redes vir die daling in produksie
kan toegeskryf word aan siektes en onkruiddruk. As
jy dieselfde jaar weer dieselfde gewas produseer,
word die onkruidruk van graskruid in die stel-
sel verhoog, omdat dit moeilik is om sulke onkruid
te bestry by 'n kontantgewas wat ook 'n gras is.

Deur 'n peulgewas in te sluit, verhoog die gemid-
delde opbrengs selfs meer. In die lw volgorde
word koring geplant na lupiene en in die mw volg-
orde, volg medics weiding. Die gemiddelde op-
brengs van die koring na lupiene was 781 kg/ha
meer as by die monokultuur en 944 kg/ha meer
na die medics weiding. Die ekstra stikstof in die
stelsel wat deur die peulgewasse gebind is en
onkruidbeheer, het bygedra tot hierdie toename.
Deur 'n graskewas af te wissel met 'n peulgewas
of 'n breëblaargewas soos kanola, kan jy grask-
onkruid gedurende daardie jare beheer, wat die
konpetisie met 'n graskontantgewas verminder.

Die laaste oorblywende volgorde is waar
koring geproduseer word na kanola (breë-
blaargewas) en medics (peulgewas). Die
gemiddelde opbrengs van koring wat in hierdie
volgorde geproduseer is, was 856 kg/ha hoër
as by die monokultuur. Dit is 'n bietjie laer as

waar koring na medics gevolg het, maar dit is
omdat die kanola ook van die vaste stikstof
gebruik maak. Die voordeel van hierdie volg-
orde word ook toegeskryf aan ekstra stikstof
in die stelsel en jy het twee geleenthede om
graskruid te verwyder tydens die weiding en
die kanola gewas.

Dit is dus duidelik uit die data wat ons be-
spreek het, dat jy deur die implementering van
wisselbou in jou produksiestelsel baie meer
baat as deur net 'n enkele soort gewas te pro-
duseer.

**Artikel verskaf deur Dr Johann Strauss,
Direktoraat Plantwetenskappe, Navorsing en
Tegnologie Ontwikkelingsdienste, Departement
Landbou Wes-Kaap. Vir meer inligting, stuur
'n e-pos na johannst@elsenburg.com.**

Pula Invula se Aanhaling van die Maand

*For changes to be of any true value,
they've got to be lasting and consistent.*

~ Tony Robbins

VERSTAAN DIE KORING INVOERTARIEF

Suid-Afrika produseer jaarliks gemiddeld 1,7 miljoen ton koring, terwyl die gemiddelde jaarlikse totale kommersiële vraag na koring net meer as 3 miljoen ton beloop. Ten einde in die totale kommersiële vraag te voorsien, maak Suid-Afrika staat op invoere wat gewoonlik tussen 40% en 50% van die plaaslike verbruik is.

Suid-Afrika is dus 'n netto invoerder van koring. Daar is 'n potensiaal om die koringproduksie plaaslik te laat groei, maar dit word beperk deur die groot hoeveelheid invoere wat die land binnekom. Lae internasionale koringpryse, wat veroorsaak word deur subsidies in ontwikkelde lande, het druk geplaas op die groeipotensiaal van die plaaslike mark, wat nie mededingend was teen die lae internasionale koringpryse nie.

Die koring tarief word bereken deur middel van die veranderlike tariefformule om te verseker dat die plaaslike koringpryse ondersteun word wanneer die internasionale pryse op lae vlakke is, maar wanneer die internasionale pryse hoog is, die plaaslike verbruikers nie negatief beïnvloed word nie. Die tarief is dus slegs aktief indien die internasionale pryse onder 'n sekere prysvlak daal, wat die internasionale verwysingsprys genoem word. Hierdie prys is gelyk aan 'n internasionale koringprys van \$279 per ton en die tarief sal slegs in plek wees indien die internasionale pryse onder

Tabel 1: Koring invoertarief berekening.

Bron: SAGIS

Koring tarief gepubliseer op 23 Junie 2017			
Basisprys: Wêreld Verwysingsprys (US No2 HRW fob Gulf) – 3 week bewegende gemiddelde soos op	09-Aug-16		
	\$189,67	A	
RSA Aanvanklike Verwysings Prys	\$279,00	B	
Dollar belasting op koring	\$89,33	(B-A) = C	
Rand belasting op koring voor aanpassing	R1 199,35	(C*D) = E	
Werklike effektiewe wisselkoers indeks	0,79	E	
Werklike effektiewe verhandelings	R947,49	(F*E) = G	
\$/R wisselkoers	13,4261	D	

hierdie vlak is. Tans is die internasionale mark onder ongeveer \$245 per ton en daarom is die tarief in plek. **Grafiek 1** dui die internasionale koringpryse aan, met die verwysingsprysvlak wat ook getoon word. Uit grafiek 1 blyk dit dat die internasionale pryse ver onder hierdie vlak is en die doel van die tarief is om die gaping tussen die verwysingsprys en die internasionale prys te vul.


Die **Basisprys** is die 3-week bewegende gemiddeld wat op 9 Augustus 2016 bereken is. Hierdie waarde word afgetrek van die **Verwysingsprys**, wat bereken word deur 'n gemiddelde prys van die afgelope vyf jaar van "US Hard Red Wheat No.2" (soos op 09 Augustus

2016), plus aanpassings vir distorsiefaktore (internasionale subsidies), asook aftrekking van die gemiddelde vervoerkoste na Suid-Afrikaanse hawens. Die verskil tussen hierdie twee veranderlikes (B-A) is die koringtarief koers in dollar terme. Hierdie koers moet dan omgeskakel word na rand terme wat dan bereken word deur die gepubliseerde werklike effektiewe wisselkoersindeks om die finale koring invoer tarief te bekom.

Uit die berekening hierbo is dit dus duidelik dat die enigste aanpassing wat gemaak is, op die RSA aanvanklike verwysingsprys was. Die koring invoeroorsig het nie 'n direkte effek op plaaslike koringpryse nie; die enigste uitwerking is dat invoere nou teen die \$279-dollar ingevoer word.

Grafiek 1: Internasionale koringprys en tarief verwysingsprys.

Bron: Graan SA



Gevolgtrekking

Die tarief vir die invoer van koring word afgedwing om die plaaslike bedryf te beskerm en om plaaslike boere in staat te stel om te kompeteer met koring wat op laer vlakke ingevoer word. Hoe hoër die internasionale koringpryse, hoe laer kan ons die invoertarief verwag. Daarom kan daar afgelei word dat die koring invoer tarief nie die pryse verhoog nie; dit verander slegs die verwysingsprysvlak van \$279.

Artikel verskaf deur Michelle Mokone,
Landbou Ekonoom: Graan SA. Vir
meer inligting, stuur 'n e-pos na
Michelle@grainsa.co.za.



Bestuur jy die kontantvloei van jou besigheid?

Ons leef in 'n vreemde wêreld. Gedurende die vorige produksieseisoen het die meeste graanboere, veral in die somerreënvalgebied, 'n droogte ondervind met lae produksie, maar hoë gewaspryse. Hierdie produksieseisoen is dit andersom – rekordgewasse, maar lae pryse. Vir baie boere is die gevolg van hierdie totaal verskillende omstandighede egter dieselfde – 'n probleem met kontantvloei.

Net om jou te herinner – indien jy beweer dat jou besigheid suksesvol is, moet jou besigheid op drie gebiede suksesvol wees. Die finansiële posisie moet positief wees, wat aandui dat jy ten minste twee keer soveel bates as laste het. Tweedens moet jy 'n wins maak – inkomste moet meer wees as uitgawes. Derdens moet jou kontantvloei verhouding minstens 120% wees, wat aandui dat jy normaalweg kontant beskikbaar het wanneer dit nodig is. Om sonder kontant te wees, kan om baie redes baie skadelik vir jou besigheid wees. Om 'n besigheid te bestuur, bring daaglikse geleenthede en uitdagings. Een van die uitdagings wat jy sal ervaar, is die bestuur van kontant.

Bestuur van kontant

Kom ons kyk na 'n paar stappe om dit te doen. Bestuur jou debiteure (mense wat iets van jou gekoop het, maar nog moet betaal), wat die eerste stap is om jou debiteure soveel as moontlik te verminder. Indien hulle nie betaal soos hulle ge-

reël het nie, sal dit jou onder druk plaas met betrekking tot jou kontantvloei. Volg hulle op indien hulle nie betaal soos gereël is nie – bel hulle, stuur 'n sms, e-pos hulle. Indien moontlik, moet nie iets op skuld verkoop nie.

Bestuur jou krediteure – die mense waarvan jy iets gekoop het en nog geld aan hulle skuld. Betaal hulle op die laaste dag wat jy moet, soos gereël is, om jou kontant so lank as moontlik in jou sak te hou. Normaalweg sal jy 'n 30 dag limiet hê, rentevry. Maak gebruik van hierdie tydperk en hou, indien moontlik, jou kontant in 'n rekening waarin jy rente kan verdien. Wees egter versigtig om 'n goeie kredietrekord met jou krediteure op te bou, jy mag dit op 'n spesifieke tyd nodig kry.

Gee aandag aan voorraadvlakke – ons verwys veral na die vlak van insetvoorraad wat jy op die plaas hou. Soms kan jy in die versoeking kom om 'n inset soos kunsmis teen 'n "spesiale" prys aan te koop, maar moet dit dan vir 3 of 4 maande in voorraad hou voordat dit gebruik word. Onthou, dit is kontant wat vasgehou word deur voorraad.

Baie boere verkoop produkte vir kontant vanaf die plaas, of op 'n informele mark. Daar is niks verkeerd om dit te doen nie, maar hou behoorlike rekords van hierdie verkope en die betrokke kontant. Moenie toelaat dat die kontant in jou sak jou versoek om iets te koop wat jy nie nodig het nie. Plaas eerder die kontant in 'n spaarrekening en verdien rente daarop.

Wanneer jy kontant in jou bankrekening het, maak seker dat jy rente daarop verdien. Onderhandel dit met jou bank. Onthou, finansiële instellings sal nooit vergeet om rente te hef op geld wat jy hulle skuld nie, maar sal nooit vrywillig aan jou rente betaal as jy dit nie met hulle onderhandel nie. Dit is jou reg om te onderhandel, doen dit – jy kan net voordeel daaruit trek.

Laastens, die beste manier om jou

kontant te bestuur, is om dit te bestuur deur 'n maandelikse kontantvloeibegroting vir 'n finansiële jaar. Hierdie begroting sal dan die manier waarop jy jou kontant op 'n goeie finansiële wyse moet gebruik, projekteer.

Dit impliseer dat jy jouself moet dissiplineer om jou kontant soos beplan is, te gebruik. Wanneer iets onvoorsiens gebeur, pas jou plan dienoreenkomstig aan en hou dan by jou aangepaste plan. Wees baie versigtig vir impulsiewe koop of koop op die ingewing van die oomblik. Voordat jy koop, oorweeg jou beplanning! Wat sal die invloed op jou kontantvloeibegroting wees? Dit is finansiële bestuur.

Baie eienaars van klein ondernemings dink hulle hoef nie goeie rekords te hou en die finansies van hulle besigheid te beheer bloot omdat hulle klein is nie. Hulle dink dat al die boekhou werk vir groter besighede is en hulle dink omdat my besigheid klein is, weet ek presies wat aan gaan met die finansies van my besigheid.

Dit kan dalk vir 'n rukkie waar wees, maar een van die hoofredes vir die mislukking van klein ondernemings, is omdat hulle nie hul finansies behoorlik verstaan of bestuur nie. Die feit van die saak is, hoe kleiner jou besigheid, hoe beter moet jou bestuur – veral finansiële bestuur – wees. Gewoonlik omdat hoe kleiner jou besigheid, hoe minder geld het jy vir wanbestuur.

Hoekom is kontantvloei belangrik? Enige besigheid het uitgawes wat betaal moet word, byvoorbeeld op 'n gereelde maandelikse basis soos salarisse, elektrisiteitsrekeninge, telefoonrekeninge, voer, ensovoorts. Daar kan ook kontraktuele betalings wees op lenings wat kwartaalliks, sesmaandeliks of op jaarlikse basis, of teen oestyd betaal moet word. Hierdie uitgawes moet betaal word wanneer dit verskuldig is en die betalings kan nie uitgestel word, of op versoek verander word nie.

Onthou, kontant is koning, behandel dit met respek. 🍷

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Invulmedewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.

Ons 2017 BOER VAN DIE JAAR finaliste is...



Simphiwe Gumbi



Mavis Hlatshwayo



Ghsasa Dhlomgolo



Thembalihle Tobo



Meluxolo Mfoxo



Hamu Shuwisa



Tshediso Maqala



Vuyani Lolwane



Ruben Mothlabane



Paul Malindi



Remember Mthethwa



Edwin Mahlatsi

Die viering van sukses oorskadu die uitdagings wat langs die pad ondervind is om daar te kom. Boerdery is moeilik en uitdagings is genoeg, maar dit lyk asof alles vergeet word sodra 'n boer sy of haar sukses kan vier.

Byna 20 jaar gelede het die Boereontwikkelingspan van Graan SA met trots gekyk na die prestasies van sommige boere wat deelgeneem het aan hul program en besluit om 'n Dag van Feesviering opsy te sit. Die idee met hierdie Dag van Feesviering was toe en is nog steeds vandag, om boere te erken wat dwarsdeur die jaar hard werk en hul sukses te kan vertoon.

Sedert sy ontstaan in 2009 het die Dag van Feesviering 'n hoogtepunt geword op die kalenders van die Graan SA boere, sowel as die Boereontwikkelingspan. Dit is belangrik om ook die rol wat die Graan SA mentors en koördineerders speel in die sukses van die boere onder hul vleuels, te erken. Hierdie mense se bewonderenswaardige toewyding en passie is beslis baie belangrike bestanddele in die Boereontwikkeling se resep vir sukses.

Die 2017 Dag van Feesviering is om die draai. Boere is ingeskryf in die vier kategorieë – Bestaansboer van die Jaar, Kleinboer van die Jaar, Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar en die Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar.

In vorige Pula Imvula's het ons u bekendgestel aan al die kandidate wat aan die kompetisie deelneem. Vandag kan ons met trots

die finaliste van die verskillende kategorieë aankondig.

2017 Bestaansboer van die Jaar

Finaliste in hierdie afdeling is Simphiwe Elliot Gumbi, Mavis Nomvula Hlatshwayo en Ghsasa Solomon Dhlolongolo.

Simphiwe Elliot Gumbi

Simphiwe en sy vrou, Vuyelwa, boer op 'n gedeelte van Hoffental plaas naby Tabhane in KwaZulu-Natal. Die egpaar het geen meganisasie nie en plant hulle mielies met die hand. Hulle het sedert 2015 aan die Graan SA Jobs Fund projek deelgeneem.

Ontwikkelingskoördineerder, Graeme Engelbrecht, sê: "Dit is 'n dinamiese man en vrou span met harte van goud. Hulle is pilare in hul gemeenskap en help diegene wat minder voorreg is deur hulle van kos te voorsien".

Mavis Nomvula Hlatshwayo

Mavis boer op 'n hektaar gemeenskaplike grond op die plaas Hereford naby Badplaas in Mpumalanga. Sy het by Graan SA aangesluit en is sedert 2005 lid van die Lijahsisu Studiegroep. Sy woon gereeld studiegroepvergaderings, werksinkels en kursusse van Graan SA by.

Jerry Mthombothi, die ontwikkelingskoördineerder, het die volgende oor Mavis gesê: "Sy is 'n merkwaardige vrou wat altyd bereid is om te leer. As jy enige instruksies aan Mavis gee, sal sy presies doen wat sy gesê is. Sy is vrygewig en bereid om haar kennis met

die minder ervare boere in haar gemeenskap te deel".

Ghsasa Solomon Dhlolongolo

Ghsasa boer op 10 hektaar bewerkbare grond wat deur die Kaluka CPA naby Piet Retief aan hom toegeken is. Hy is 'n lid van die Graan SA Jobs Fund projek en voorsitter van die Donkerhoek Studiegroep.

Ontwikkelingskoördineerder, Jurie Mentz, sê: "Hierdie boer is 'n buitengewone netjiese boer. Ghsasa was nog altyd 'n ware leier, 'n sterk pilaar en rolmodel in sy gemeenskap".

2017 Kleinboer van die Jaar

Die drie finaliste in hierdie afdeling is Thembalihle Hopewell Tobo, Meluxolo Mfoxo en Hamu Samson Shuwisa.

Thembalihle Hopewell Tobo

Thembalihle bewerk 25 hektaar van die Nduंगा gemeenskaplike grond naby Bizana in die Oos-Kaap. Hy het in 2006 'n lid van Graan SA geword en is tans die voorsitter van die Nduंगा Studiegroep.

"Thembalihle is passievol oor boerdery en wil graag sy kennis deel. Die feit dat hy verkies is om die voorsitter van sy studiegroep te wees, bewys dat die gemeenskap opkyk na hierdie man," sê die ontwikkelingskoördineerder, Luke Collier.

Meluxolo Mfoxo

Meluxolo boer met droëbone, mielies, beeste en skape op Goedehoop naby Ugie in die Oos-Kaap.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebe
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombo
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 650 9315 ◀ graeme@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8069 ◀ Sydwell Nkosi

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebe
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mthatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Ons 2017 Boer van die Jaar finaliste is...

Hy het in 2013 by Graan SA en die Umnga Flats Studiegroep aangesluit.

Ontwikkelingskoördineerder, Luke Collier: "Meluxolo is gretig om te leer en hy werk hard om sy doelwit te bereik om in die nabye toekoms 'n suksesvolle kommersiële boer te word".

Hamu Samson Shuwisa

Samson boer op 'n plaas genaamd Nooitgedacht, naby Sheepmoor in Mpumalanga. In 2011 het hy by die Graan SA studiegroep aangesluit waarvan hy die afgelope sewe jaar die voorsitter was.

"Samson is 'n uiters hardwerkende boer. Hy het begin om 2 ha te bewerk en het geleidelik gegroei tot waar hy vandag is – hy bewerk 18 ha met 'n opbrengs van 6 t/ha", voeg die ontwikkelingskoördineerder, Jurie Mentz, by.

2017 Potensiële Komersiële Boer van die Jaar

Ruben Mothlabane, Paul Mvelekweni Malindi en Tshediso Daniel Maqala is die drie finaliste in hierdie kategorie.

Ruben Mothlabane

Ruben boer op die plaas Kalkpan, in die Bultfontein distrik in die Vrystaat. Hy is sedert 2012 'n lid van Graan SA en woon die maandelikse studiegroep vergaderings van die Bultfontein Studiegroep ywerig by.

Ontwikkelingskoördineerder, Johan Kriel, sê: "Ruben het ontwikkel tot 'n boer met groot potensiaal. Hy het vanjaar byna 1 000 ton graan geoes".

Paul Mvelekweni Malindi

Paul boer op die 441 ha plaas Dankbaar, naby Edenville in die Vrystaat. Hy het by Graan SA se Boereontwikkelingsprogram aangesluit en was een van die stigterslede van die Edenville Studiegroep.

Johan Kriel, ontwikkelingskoördineerder, sê: "Paul het 'n onuitblusbare dors na kennis. Vanjaar het hy alles reg gedoen, hy het selfs die trekker self bestuur".

Tshediso Daniel Maqala

Tshediso besit twee plase, die 197 ha plaas Kosmos en die 326 ha Die Hoop plaas, beide in die Ficksburg-distrik. Hy het in 2014 by Graan SA aangesluit en woon gereeld studiegroep byeenkomste en boeredae by.

"Alhoewel Tshediso relatief nuut is in die program, het hierdie boer die potensiaal om 'n groot kommersiële plaas te bestuur. Hy boer in 'n moeilike landbougebied, maar het dit wonderlik bestuur", voeg die ontwikkelingskoördineerder, Johan Kriel, by.

2017 Nuwe Era Komersiële Boer van die Jaar

Die finaliste in hierdie kategorie is Vuyani Lolwane, Remember Wiseman Mthetha en Edwin Thulo Mahlatsi.

Vuyani Lolwane

Vuyani besit die plaas Klippan en huur ook grond op Lareystryd. Hy is al jare lid van Graan SA en woon aktief boeredae en studiegroep vergaderings by en het verskeie van die opleidingskursusse voltooi.

Ontwikkelingskoördineerder, Du Toit van der Westhuizen, sê: "Vuyani is 'n vernuftige jongman en die appel val nie ver van die boom nie. Hy het sy vaardighede en besigheidsin van sy pa geërf en het al die eienskappe wat nodig is om 'n baie suksesvolle kommersiële boer te word".

Remember Wiseman Mthethwa

Remember boer op 662 ha van sy eie plaas Milindale en huur 150 ha privaat grond naby Dannhauser. Hy het in 2015 by Graan SA aangesluit en is 'n aktiewe lid van die New-castle B29 Studiegroep, met Chris de Jager as mentor.

Graeme Engelbrecht, ontwikkelingskoördineerder, sê: "Remember is 'n uiters harde werker. Hy maak seker dat die klein dingetjies reg is en wag nie vir iemand om 'n oplossing te kry wanneer hy probleme ondervind nie. Remember sal 'n plan maak".

Edwin Thulo Mahlatsi

Die plaas Swartlaagte naby Bothaville in die Vrystaat is deur middel van PLAS van Frikkie Rautenbach vir Edwin deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming aangekoop. In 2014 het hy 'n lid geword van Graan SA se Boereontwikkelingsprogram. Hy het by die Bothaville Studiegroep aangesluit en boeredae en opleidingskursusse bygevoeg.

Ontwikkelingskoördineerder, Johan Kriel, sê: "Dit is 'n voorreg om met Edwin te werk. Hy is 'n noukeurige boer wat graag sy kennis wil deel en is 'n sterk pilaar in sy gemeenskap".

Met al hierdie wonderlike finaliste in die wedloop, kan ons weer uitsien na 'n onvergeetlike dag van viering!

Artikel verskaf deur Hanlie du Plessis, Vryskutskrywer. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na hanlieduplessis@telkomsa.net.